Hoe om papierkrale van oorskietpapier te maak

Hierdie kunstige nutsartikel word gemaak van amper niks. Dit kan gebruik word om ‘n handwerk-item te maak vir enige ouderdom.

Interessant - in die Victoriaanse tye in Engeland het vrouens bymekaar gekom om van oorskiet muurpapier krale te maak deur repies papier om beinaalde te draai. Hulle het die krale ingeryg op lang stringe gedraaide wol en dan verskillende dinge daarmee gemaak soos om klomp stringetjies teenmekaar te hang vir gordyne. Ons kan vandag dit inryg om byvoorbeeld juwele te maak.

Maak kinders ook bewus van papier herwinning.

? Stappe

1. Feite oor papier

Het jy geweet …

- ’n Metrieke ton papier wat herwin word, spaar 17 bome en gebruik 40% minder energie en 50% minder water as papier wat uit bome gemaak word.
- Indien alle huishoudelike papier herwin word, sal R60 miljoen per jaar gespaar word.
- Die energiebesparing weens papierherwinning is genoeg om 512 huishoudings vir ’n jaar lank van elektrisiteit te voorsien.

2. Hoe goed is Suid-Afrika met herwinning? Wat is die persentasie produkte wat herwin word?

- Blikkies: 67.5%
- Papier: 50-52 %
- Glas: 21-30%
- Plastiek: 17%

3. Om papierkrale te maak, benodig jy die volgende:
   - Stukkies stewige oorskietpapier soos byvoorbeeld gekleurde blink tydskrifpapier, gemorspos-advertensies, geskenkpapier, ensovoorts
   - ’n Potlood, liniaal, skêr
   - ’n Sosatiestokkie
   - ’n Gomstafie (Pritt)
   - Vislyn, wol of tou

4. Volg die volgende stappe om die papierkrale te maak:
   - Knip driehoekies uit die papier wat 5cm lank en 2cm breed is. Maak ’n voorbeeld van harde karton, soos van ’n ontbytpapboks om op die verskillende gekleurde/bont papier af te trek.
   - Smeer een kant van die driehoekies liggies met gom.
   - Rol die driehoeke van die breër kant af om die sosatiestokkie om ’n langwerpige kraletjie te maak.
   - Jy kan die driehoekie ook net liggies rol en die laaste puntjie vasplak. Dit maak ’n “vetter” kraletjie.
   - Indien die papier baie sag is, kan dit op ’n strootjie vasgerol word en die strooitjie wat uitsteek, word bloot afgesny.

- Wissel die bont- en effekleurdriehoekies af tydnes die inryg van die krale.
- Wanneer die gom droog is, word die krale aan die lyn (wol of tou) geryg.
- Knoop die punte van die toutjies aanmekaar vas om ‘n halssnoer te vorm.

☺ Wenke

1. Vir variasie in groottes kan die driehoekgroottes aangepas word

🕮 Bronne

1. http://www.treevolution.co.za/guide-to-recycling-in-sa/reasons-to-recycle/
2. http://www.prasa.co.za/